**Saterdag 11 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 24:1-11**
**Fokusgedeelte: Eksodus 24:5, 8-10**
**Van slaaf tot feesganger**

Drie maande nadat die Israeliete van hulle slawerny bevry is, het hulle by Sinaiberg aangekom. Hulle was onderweg Kanaän toe. God was besig om sy beloftes aan Abraham en sy nageslag in vervulling te laat gaan: ’n groot nageslag, die land Kanaän en dat Hy hulle God is.

Met hulle aankoms by Sinaiberg het God hulle daaraan herinner om hulle kant van die verbond ook na te kom. Hulle het eenparig verklaar dat hulle alles sal doen wat Hy beveel het (vs 3, 7).

Die Israeliete was nie sonder sonde nie. Hulle het niks van God se genade verdien nie. Om God se genade voluit te ontvang en in sy teenwoordigheid te kom, moes hulle offers bring en die bloed van die offerdiere opvang. Die helfte daarvan is op die altaar gesprinkel en die ander helfte oor die leiers (die oudstes) wat daar teenwoordig was. Hierdie leiers het die hele volk verteenwoordig. Die gesprinkelde offerbloed het God se verbintenis met hulle bevestig.

Daarna het iets besonders gebeur. Moses en die leiers het God gesien! Ons weet nie presies hoe Hy aan hulle verskyn het nie, maar hulle het Hom gesien en het selfs bly leef! Hulle was tot onlangs minderwaardige slawe, maar kon nou in God se teenwoordigheid kom! Nadat Israel se leiers Hom daar op die berg gesien het, kon hulle eet en drink.

Sy beloftes aan ons is nog ryker as om met ons in ’n aardse Kanaän te woon. Sy uiteindelike doel is om saam met ons te woon en saam fees te vier (Op. 19:7-9). Dit is moontlik, omdat Hy sy eie Seun op Golgota as offer gegee het. Hy het ons met sy bloed gereinig en geskik gemaak om as voormalige sondeslawe met Hom fees te vier.

*Sing: Psalm 103-1:1, 4*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*